University of Pretoria etd – Lachenicht L F (1996)



# SLOT

Die omvattende navorsing wat oor Florence Zerffi gedoen is, kon aantoon dat sy 'n uiters veelsydige kunstenaar was. Daar is bykans geen medium, onderwerp of genre wat sy nie aangedurf het nie. Boonop kon bewys word dat sy 'n groter aantal werke nagelaat het as wat oorspronklik, toe daar met die navorsing begin is, vermoed is. Haar styl toon 'n stil, beteuelde en nie-flambojante houding ten opsigte van die kuns (Anderson 1957 : 4) en haar Duitse Jugendstil-invloede kom sterk na vore in al haar werke.

Alhoewel sy tydens die Eerste Wêreldoorlog in Suid-Afrika begin werk het, die gevolge daarvan op die bevolking aanskou het en selfs die ekonomiese druk daarvan ervaar het, het sy haar nie met die strewes van die Afrikaner vereenselwig nie. Sy het egter stilweg haar gang gegaan en 'n bestaan vir haarself en haar seun verseker deur illustrasies vir die Afrikaanse spreekbuise van daardie tyd te maak, naamlik ***Die Burger*** en ***Die Huisgenoot***.

Die kunsgeskiedenis in Suid-Afrika is verryk met die byna toevallige koms van Zerffi hierheen. Danksy haar swaer, dr. Raymond Wilcocks, se bemoeienis in haar wel en wee, kon sy haar talente en vakkundigheid aan hierdie land en sy mense toewy. Haar bydrae tot die Suid-Afrikaanse kuns lê eerstens in haar betekenisvolle deelname aan die bedrywighede van die Nuwe Groep. Tweedens is van haar werke van kultuurhistoriese en Africanawaarde en derdens het sy 'n blywende invloed op haar leerlinge nagelaat.

Zerffi behoort nie langer meer as "vergete" bestempel te word nie. Haar werk hoef in geen omstandighede vir ander groot kunstenaars in Suid-Afrika terug te staan nie. Haar vriende, in die besonder prof. J. du P. Scholtz en Katrine Harries sou, as hulle nog geleef het, waarskynlik ingenome gewees het met 'n studie soos hierdie, want laasgenoemde "het hoë waardering

University of Pretoria etd – Lachenicht L F (1996)



gehad (het) vir Florence Zerffi en haar werk. Katrine sou dit verwelkom het as daar iets kon verskyn om Florence Zerffi se waarde as hoogstaande mens en vindingryke skilder te onderstreep" (Scholtz 1981 : 12). Die voltooiing van hierdie studie kon die doel, om die veels te veel verwaarloosde en min gewaardeerde Zerffi bekend te stel, laat verwesenlik word, want "soos ou koper wat dikwels met die jare na die agterste rak geskuif word, maar waarvan die glans steeds dieper en ryker word, is die kunstenaar Florence Zerffi" (Beskeie ... 1957 : 2).